

# GEBEDS-JOERNAAL 2026

Julie - September Uitgawe


Pret in Moldawië

# DANKIE

**Beste Gebedsvennoot**

*"VOLHARD in die gebed en waak daarin met danksegging."* Kolossense 4:2

Soos ons die derde kwartaal van die jaar betree, wil ons ons hartlike dankbaarheid uitspreek vir u getroue vennootskap in gebed. U bereidwilligheid om ons personeel, vrywilligers en diegene wat ons dien te ondersteun, is 'n onskatbare aanmoediging en 'n noodsaaklike deel van die bediening wat God aan ons toevertrou het.

Gedurende die komende maande sal toegewyde werkers regoor Oos-Europa voortgaan om die liefde van Christus te deel deur praktiese sorg, dissipelskap en evangeliese getuienis. Ons word daaraan herinner dat terwyl sommige plant en ander natmaak, dit God is wat die groei gee (1 Korintiërs 3:6-7). U gebede is 'n kragtige deel van hierdie werk.

Ons nooi u uit om met verwagting te bid, vir beskerming, wysheid en krag vir ons spanne, en vir getransformeerde lewens onder die gesinne, kinders en gemeenskappe wat ons dien. Mag God hierdie gebedsdagboek gebruik om u wandel met Hom te verdiep en ons gedeelde sending te versterk.

Dankie dat u saam met ons in gebed staan.

Mark
**MWB SA Direkteur**

**KOM ONS BEGIN BID >>>**



Daria doen huiswerk in Roemenië

# JULIE

## ROEMENIË

**01-02**

Bid dat ons somerkampe kinders emosioneel, fisies en geestelik sal koester en hulle sal help om in God se liefde te floreer.

**03-04**

Ons vra vir u gebede vir die familie van Petru (13) aangesien hy aan terminale leukemie ly en die dokters ongelukkig sê dat hy nie lank oor het nie. Bid vir vertroosting en vrede vir hom en die hele familie.

**05-06**

Laat ons ons families wat in landbou betrokke is, in gebed opdra. Mag God goeie weer voorsien en hulle seën met 'n vrugbare oes.

## JULIE

## ROEMENIË

**07-08**

Die vader van familie H in Alba County is baie dankbaar teenoor God omdat sy gebede dat sy vrou van siekte en depressie genees sou word, verhoor is en sy vrou l nou gesond is.

**09-10**

Bid asseblief vir al die kinders wat ons ondersteun soos hulle die nuwe akademiese jaar begin, en vir ons rugsakverspreiding - dat dit vreugde en sekuriteit vir die kinders sal bring.

**11-12**

Bid asseblief vir die nasie se leiers gedurende 'n uitdagende ekonomiese tydperk. Bid asseblief vir goeie besluite om in hierdie tyd geneem te word.

**13-14**

Bid asseblief vir die gesinne wat 'n Selfonderhoudsprojek sal ontvang. Bid dat die items wat hulle ontvang meer geleenthede sal bied om beter inkomste te verdien.

**15-16**

Bid asseblief saam met ons vir familie N van Brasov County, veral vir die pa en 2 van die kinders wat brosbeensiekte het en talle frakture opdoen.




# JULIE

# BULGARYE

**17-18**

Ons dank en bid vir almal wat tot ons werk bydra: vrywilligers, werkers, ondersteuners en diegene wat gee en bid.

**19-20**

Bid asseblief vir die logistiek van die Terug-na-Skool-veldtog. Bid dat ons die hulpbronne kry: skoolbenodigdhede, finansies en vrywilligers.

**21-22**

Bid dat ons goeie verhoudings met ouers sal bou en dat God blywende transformasie in die kinders se lewens sal bring.

**23-24**

Ons dank God dat Hy bejaardes na ons Bybellesse en -klubs gebring het en ons die voorreg gegee het om hulle in hul latere jare te dien en aan te moedig.

## JULIE

# BULGARYE

**“En laat ons nie moeg word om goed te doen nie, want op die regte tyd sal ons maai as ons nie verslap nie.”**

GALÁSIËRS 6:9

### 25-26

Ons dank God vir die geleentheid om voort te gaan om die bejaardes te dien deur die klubs en gereelde Bybellesse.

### 27-28

Bid asseblief vir die gesondheid van die begunstigdes, waarvan baie aan chroniese siektes ly, en vir beskerming gedurende die seisoen van virusse en griep

### 29-30

Bid asseblief vir diegene wat operasies ondergaan – mag God hulle suksesvolle herstel gee.

### 31

Bid asseblief vir ons personeel en vrywilligers terwyl hulle hul vakansierus begin. Mag die Here hulle verkwik en herstel, en hulle versterk en gereed terugbring vir die werk wat voorlê.



# AUGUSTUS

## MOLDAWIË

**03-04**

Ons dra die pastore wat as koördineerders in hul gemeenskappe dien, voor God op. Mag hulle getrou bly aan die Here en voortgaan om met Sy krag, wysheid en leiding te werk.

**01-02**

Bid asseblief vir diegene wat maaltye en Bybelonderrig by ons sopkombuis ontvang, dat hulle gevul sal word met beide fisiese en geestelike voeding.

**05-06**

Bid asseblief dat, terwyl ons die evangelie herhaaldelik deur ons programme deel, God die saad van Sy Woord in harte sal plant, en dit sal laat wortel skiet en groei tot blywende geloof.

# AUGUSTUS

## MOLDAWIË

**07-08**

Bid asseblief vir ons terwyl ons skooltasse en skool-benodigdhede voorberei en aflewer aan elke skoolgaande kind wat ons ondersteun. Bid dat God in elke behoefte sal voorsien te midde van die stygende koste.

**09-10**

Bid asseblief vir al die kinders wat kleuterskool toe gaan. Bid dat hulle goed sal aanpas en floreer.

**11-12**

Bid vir elke kind wat terugkeer skool toe - Bid dat hulle gemotiveerd en aangemoedig sal word in hul studies, veral diegene wat uit benadeelde gesinne kom waar onderwys nie altyd ondersteun of geprioritiseer word nie.

**13-14**

Ons verbind ons daartoe om vir die ouer kinders te bid terwyl hulle 'n nuwe fase van onderwys begin. Vra dat God hulle duidelik sal lei terwyl hulle belangrike besluite oor hul toekoms in die komende akademiese jaar neem.

**15-16**

Laat ons saam bid vir die onderwysers wat voorberei vir die nuwe skooljaar in Oos-Europa. Bid dat hulle met hernieude energie sal onderrig en die deel van God se waarheid met die kinders sal prioritiseer.



# “DOEN REG AAN DIE SWAKKE EN DIE WEES; GEE AAN DIE ELLENDIGE EN DIE ARME SY REG. RED DIE SWAKKE EN BEHOEFTIGE, BEVRY HULLE UIT DIE HAND VAN DIE GODDELOSE MENSE.”

**PSALMS 82:3-4**




# AUGUSTUS

## BOSNIË - HERZEGOVINA

**17-18**

Ons is dankbaar teenoor God vir die somerkampe—vir die vrywilligers, leiers, finansiële ondersteuners en MWB-personeel wat hard gewerk het om te verseker dat alles goed verloop.

**19-20**

Bid asseblief vir die 43-jarige Dzevahira, wat met aggressiewe borskanker gediagnoseer is. Sy is 'n moeder van twee seuns, waarvan een ernstig siek is en voltydse sorg benodig. Bid asseblief vir God se wonderwerk in hul lewens.

**21-22**

Bid asseblief vir Bogoljub H. Hy moet elke derde dag nierdialise kry en hy is onbeweeglik. Sy seun sorg vir hom, alhoewel hy ook hulp nodig het.

**23-24**

Bid asseblief vir die “Seeds of Hope”-projek. Bid vir gunstige weersomstandighede en 'n goeie oes. Die meeste gesinne maak staat op hul tuine om kos vir hul huishoudings te voorsien.

## “Bid dan die Here van die oes, dat Hy arbeiders in sy oes mag uitstuur.”

MATTHÉÜS 9:38

# AUGUSTUS

## BOSNIË - HERZEGOVINA

**25-26**

Bid asb vir die begin van die nuwe skooljaar, wat dikwels bekommernis en stres meebring – veral vir ouers wat aansienlike hulpbronne moet opsy sit om hul kinders voor te berei en alles te voorsien wat hulle nodig het.

**27-28**

Ons verbind ons daartoe om te bid vir die kinders in ons programme wat die kampe bygewoon het – dat alles wat hulle daar gehoor het, sal bly en in hul harte wortel sal skiet.

**29-30**

Vra die Here om ons by Mission Without Borders te help om gefokus te bly op wat werklik belangrik is: om die hoop van die Evangelie te versprei.

**31**

Dank die Here! Na ’n paar jaar se onderbreking het die Bybelkorrespondensiekursus weer in Bosnië en Herzegowina lewendig geword. Ons is dankbaar teenoor God vir ’n hernude visie en vars momentum.

# SEPTEMBER

# ALBANIË



Na skool, Albanië

**01-02**

Ons is so dankbaar teenoor God vir al die kinders wat na ons somerkampe gekom het. Mag hulle Jesus steeds ken terwyl hulle terugkeer na die normale lewe.

**03-04**

Bid asseblief vir die "Saad van Hoop"-projek dat God elke gesin sal seën en 'n vrugbare oes sal bring wat lewens transformeer en hoop versprei.

**05-06**

Bid asseblief saam met ons vir bejaardes wat nog nooit die Evangelie gehoor het nie. Bid dat die Here deure sal oopmaak en vir ons geleenthede sal gee om Sy waarheid met hulle te deel.

# “n Vader van die wese en 'n regter van die weduwees is God in sy heilige woning.”

PSALMS 68:6

## SEPTEMBER

## ALBANIË

**07-08**

Bid vir goeie regering in Albanië - dat leiers met wysheid, integriteit en geregtigheid optree, en dat die gemeenskappe beter leef en nuttige maatskaplike dienste ontvang.

**09-10**

Ons bid dat die evangelie aan die hele wêreld verkondig sal word, en dat almal die geleentheid sal hê om van Christus, Sy offer aan die kruis en die geskenk van die ewige lewe te hoor.

**11-12**

Bid asseblief vir die gesondheid en welstand van die bejaardes wat ons deur ons projekte ondersteun. Bid dat hulle versterk sal word in liggaam en gees, en gevul sal word met vreugde en vriendskap.

**13-14**

Bid asseblief vir die ekonomiese klimaat in Albanië aangesien die land voortdurende prysstygings in die gesig staar; wat die lewenskoste beïnvloed.



'n Vlugtelingmeisie in Oekraïne

**15**

Bid asb vir die mans in die Gesinsondersteuningsgemeenskap, dat hulle krag in die Here sal vind, motivering om te werk en vir hul gesinne te sorg, en hul harte sal oopmaak om die Evangelie van Jesus te ontvang.

**16-17**

Ons is so dankbaar teenoor God vir sy beskerming oor ons personeel en die werk van die Sending.

**18-19**

Bid asseblief vir vlugtelingmoeders en -kinders terwyl hulle hul lewens van voor af moet opbou nadat hulle met niks moes vlug nie.

**20-21**

Bid vir gesinne wie se vaders of seuns in die weermag dien—vir hulle beskerming, en vir troos en hoop vir geliefdes wat wag op nuus of wie se familielede as vermis aangemeld is.

# SEPTEMBER

## OEKRAÏNE

**22-23**

Bid asseblief vir ons nuut ingeskrewe gesin, S. van Rivne, wie se jong dogter baie gereeld aan stuiptrekkings ly – bid dat hulle sal stop en vir haar genesing.

**24-25**

Hou asseblief aan om vir ons regering op alle vlakke te bid. Ons vra die Here om wysheid, integriteit en eenheid te skenk in elke besluit wat in hierdie kritieke tyd geneem moet word.

**26-27**

Bid vir die mense van Oos-Europa, dat hulle God se lig sal begin sien na jare van geestelike duisternis. Mag hulle Sy liefde en hoop ervaar deur beide die materiële hulp en getuienis wat ons bring.

**28-29**

Bid asseblief vir al die kinders wat terug skool toe gaan. Bid dat niks hulle toegang tot leer sal ontwrig nie.

**30**

Laat ons bid vir 'n regverdige en blywende vrede - dat die oorlog sal eindig, dat geweld sal ophou, en vir mense se genesing in elke geaffekteerde streek en elke geaffekteerde gemeenskap.



# BLY IN KONTAK

## ONS VISIE

Lewens wat oor generasies heen verander word, met hoop vir die toekoms.

WWW.MWB-SA.ORG

## KONTAK ONS

T: +27 79 826 3630

A: Southdowns Ridge Office Park, John Vorsterrylaan, Centurion, Pretoria, 0062

E: mwbsa@mwbi.org